SAVTEK se NASIONALE KLUBKOMPETISIE

Die Nasionale Klubkompetisie is ingestel om alle klubs die geleentheid te gee om op ‘n bekostigbare wyse deel te neem.

Uit genotuleerde bespreking in 2009:
Ten opsigte van ‘n ware nasionale kompetisie, die **Nasionale Klubkompetisie:**
Vergadering aanvaar die voorstel dat ‘n nasionale kompetisie tussen klubs ingestel word waarin die bewaringsaktiwiteite van ‘n klub met ‘n uitstalling van foto’s en klein voorwerpe belig word.

‘n Uitstalling sal in drie afdelings aangebied word, naamlik:

1. **Foto-uitstalling oor ‘n streek of substreek se landbouverwante geskiedenis, byvoorbeeld sagtevrugteverbouing in die Boland; suiker in Natal; besproeiingsboerdery in Vaalharts, en dies meer.**
2. **‘n Uitstalling van antieke huishoudelike artikels (voorwerpe).**
3. **‘n Ope afdeling met ‘n uitstalling volgens enige tema, nie noodwendig landbou-verwant nie. (brandstof en smeermiddels, mate en gewigte, veemedisyne, gereedskap, geskiedkundige foto’s wat nie landbouverwant is nie bv. siviele ingenieursaktiwiteite soos pad- en damkonstruksie, en dies meer)**
   In hierdie afdeling is foto’s én voorwerpe aanvaarbaar.

Omdat plaaslike bewaringsmense die kompetisie moet beoordeel, sal die plaaslike klub (die organiseerder) mag deelneem, maar sal hul inskrywing nooit saam met die res beoordeel word nie. **Hierdie besluit is (AJV; Januarie 2013; Kroonstad) herroep.**

Die voordeel van hierdie tipe uitstallings op amptelike vlak is dat behalwe dat dit volwaardige bewaring is, dit ook ‘n bykomende groep besoekers lok, en veral ook vir die deelname van eggenotes van aktiewe klublede voorsiening maak.

Riglyne vir organiseerders, onder meer dat klubs op “gelyke voet” meeding:

1. Klubs se deelname is op eie risiko.
2. Sekuriteit in die uitstalsaal is die verantwoordelikheid van die organiseerders.
3. Organiseerders se kennisgewing verpligtend: MOENIE ITEMS AANRAAK NIE.
4. Toesig kan in samewerking met die deelnemers gereël word.
5. Vloerruimte aan elke klub afgestaan: 6m x 3m.
6. Elke klub kry twee tafels van naastenby 2.5m x 0.7m.
7. Deelnemende klubs moet hul eie uitstalborde vir foto’s verskaf.
8. Benutting van vloerruimte (met inagneming van besoekers), is deelnemers se keuse.
9. Deelnemende klubs moet hulself (op A3-grootte) en hul temas identifiseer.
10. Foto’s moet van byskrifte en voorwerpe van inligtingskaartjies voorsien wees.
11. Groot afwyking van die voorgeskrewe of gekose tema sal gepenaliseer word.
12. Uitgestalde items moet duidelik uit ‘n vroeëre era wees.
13. Deelnemende klubs moet hul deelname aan organiseerders bevestig.
14. Organiseerders stel duidelik die uitpak- en oppaktyd.
15. Alle inligting moet betyds, duidelik en op skrif aan alle klubs verskaf word.